Beste Stichtingvriende 27 Oktober 2021

Die tweede Covid-jaar is besig om ten einde te spoed en ons kan met groot dank verklaar dat al die lede van ons leeskring behoue gebly het en dat ons bedrywighede weer in volle swang is. Ongelukkig het ons beplande tagtigste verjaardagviering in die slag gebly maar dit het wel aanleiding gegee tot ‘n projek om die interessante geskiedenis van ons leeskring na te vors.

Hartlike dank dat ons vanjaar weereens in julle vrygewigheid kon deel. Ons het elf nuwe boeke aangekoop, vier kopieë van Arthur Japin se boek *Kolja* wat volgende jaar bespreek word en sewe ander lekkerleesboeke wat oor ‘n week hier sal aanland saam met familie wat uit Switserland kom kuier. Dit bly steeds ’n uitdaging om Nederlandse boeke hier te koop of selfs uit Nederland te bestel en die familieroete is dus maar die betroubaarste.




Die ongeveer 100 boeke in ons Nederlandse biblioteek word fluks deur ons lede geleen en verskaf baie plesier. Dis ‘n uitstekende manier om kontak te hou met die Nederlandse taal en letterkunde. Die jaarlikse bespreking van een van die boeke is ook ’n geleentheid om van naderby met tendense in die Nederlandse letterkunde kennis te maak.



Op die oomblik onderhandel ons met die stadsbiblioteek waar ons maandeliks vergader om die boeke by hulle te huisves sodat ander lede van die publiek dit ook kan leen.

Soos in die verlede beplan ons om die oorblywende geld aan te wend vir projekte wat Afrikaans bevorder en, wat ons glo, ook by u byval sal vind.

Die afgelope jaar was ons weereens die hoofborg van die Eugène Marais Kreatieweskryfkompetisie wat plaasvind by die twee Afrikaanse hoërskole in Eersterust, ’n woonbuurt van oorwegend bruin mense in Pretoria. Dis ‘n uitstekende manier om kontak te maak met ‘n groep positiewe jong mense en om by te dra tot hulle belewenis van Afrikaans. Meer hieroor onderaan. In 2022 sal ons ook die prysgeld borg (R6000 = ongeveer €350).

Ons het vanjaar ook geld geskenk aan NALN, die Nasionale Afrikaanse Letterkunde Museum en Dokumentasiesentrum in Bloemfontein. Behalwe dat hulle voortreflike werk doen, is dit ook die bewaarplek van die leeskring se dokumente van die afgelope 81 jaar. Ons maak weer ‘n skenking aan hulle (R5000 = ongeveer €300).

Ons het onlangs terugskouing gehou van ons verbintenis met die Stichting sedert 2003 en het besef hoe uniek u bydrae tot die werksaamhede van ons leeskring is: dit stel ons in staat om by te dra tot betekenisvolle sake. Ons heg groot waarde aan hierdie vennootskap.

Marna de Klerk het pas ere-lidmaatskap ontvang op grond van vyftig jaar se toegewyde diens aan die leeskring. Ons Nederlandse projek sal voortaan deur Thea Heckroodt en Madelief Mulder bestuur word. Spesiale groete ook van ou bekendes Wilma Goosen en Jenneke Fehrsen. Dit spyt my dat ek u nie persoonlik leer ken het nie want ons is beslis geesgenote. My termyn as voorsitter het ook pas verstryk en Dionē Prinsloo neem dié verantwoordelikheid oor.

Monica Hammes namens die Mabel Malherbe Leeskring



Kloksgewys: Thea, Marna en Madelief;

Wilma,

Jenneke,

Die bestuur: Lona Schoeman, Jackie Fourie, Marna de Klerk, Gina Malherbe, Thea Heckroodt, Irene Harms, Dionē Prinsloo, Monica Hammes







## Eugène Marais Kreatiewe Skryfkompetisie 2021

Die kompetisie bestaan reeds 24 jaar, die breinkind van Deleen Bekker, en vind jaarliks plaas by die Eersterust Sekondêre Skool en Prosperitus Sekondêre Skool, die twee Afrikaanse hoërskole in Eersterust, ’n voorstad van Pretoria. As gevolg van Covid kon slegs grade 10-12 vanjaar deelneem. Hulle skryf onder gekontroleerde omstandighede (soos eksamen) ’n Afrikaanse opstel. Vanjaar se onderwerpe was *Hy/sy/dit het my lewe gered* of *Ná daardie Saterdag in April sal niks meer dieselfde wees nie…*

Die drie beste opstelle in elke graad ontvang ’n kontantprys en elke deelnemer kry ’n Afrikaanse storieboek. Hierdie boeke, regte tiener spannings- en liefdesverhale, word onder mekaar uitgeruil met uitkringende goeie gevolge want die skole het nie meer biblioteke nie. Die leeskring is sedert 2003 betrokke by die kompetisie en borg die prysgeld.

### Eersterust Sekondêre Skool



Die skool met sy 750 leerders loop gevaar om te verengels aangesien die Onderwys-departement leerders wat nie in die Mamelodi hoërskole kan plek kry nie, daar plaas.

Mnr. Hardien en mej. Marsha Finck is die twee Afrikaansonderwysers. Marsha was self 20 jaar gelede die algehele wenner van die kompetsisie.

Die gemoedelikheid tussen leerders en onderwysers is baie opvallend.



Kompetisiedeelnemers met die personeel



Wenners saam met die hoof



Alet Venter en Nerine Ahlers , onderwysers by die Hoërskool Menlopark, is verantwoordelik vir die kompetisie saam met die twee skole. Hier saam met personeellede van Eersterust Sekondêre Skool. In die middel is Marsha Finck, die 20-jaar-gelede wenner.

**Dankiesê briefies van twee wenners**

Jakeel Sauls 10 H

Aan die organiseerders van die opstel kompetisie

Ek wil graag net die organisasie bedank ~~om~~ en vra om elke jaar die kompetisie te hou by ons skool. Om te skryf is lekker en opwindend, maar om te skryf vir 'n prys is veel beter. Ek is baie bly vir my prys wat ek gewen het, nie net vir die geld nie maar ook die boek wat ek ontvang het. Ek het dit al begin lees en sjoe, ek lag my stukkend! Dis 'n intersante storie maar ook hartseer terselfdertyd, maar wat ek eintlik wil sê is dat ek uit sien vir volgende jaar se kompetisie. Hoop ons sal julle weer sien!

Geagte Organiseerders
Jakeel

Vir wie dit mag aangaan

Ek wil graag my dank uitspreek aan die organiseerders van die opstelkompetisie
Dit is vir my goed om te sien dat daar mense daar buite is wat graag belangstel om te ons stories te lees Ek het 'n verbeeldingryke storie geskryf oor Hy/Sy/Dit het my lewe gered en ek het dit baie geniet

Ek sien uit om volgende jaar weer aan die kompetisie deel te neem

Emmarentia Thompson

**Prosperitus Sekondêre Skool**

Die skool, in die meer gegoede deel van die voorstad, met sy 1800 leerlinge is nog oorwegend Afrikaans.





Skryfdag by Prosperitus



Deelnemers saam met die Afrikaansonderwyser mej. Lottering



So lyk 'n Covid-gelukwens

Die algehele wenner, Devenay Mash, ontvang ook die Deleen Bekker wisseltrofee






Prosperitus wenners